

# Q&A

*Tzav*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Lev 6:8 – Lev 8:32
**Haftarah:** Jer 7:21 – Jer 9:23
**B'rit Hadashah:** Heb 8:1 – Heb 9:15 & Mat 9:10-17

1. Wat was die eerste instruksie wat die priesters in die week se gedeelte ontvang het, en wanneer moes hulle dit doen? Wat is die geestelike prentjie daarvan vir my en jou?
2. Die priesters kry ook 'n opdrag om die as van die altaar te verwyder. Hoekom, en hoeveel keer per week? Wat is die geestelike prentjie wat Abba Vader vir ons hierin skilder?
3. Waarmee moes die priester die as verwyder, waar moes hulle dit gaan gooi, en hoekom dink jy?
4. Die Woord sê in Levitikus 6:13: "Vuur moet gedurigdeur op die altaar aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie." Wat dink jy is die betekenis van die aanhoudende vuur?
5. Wat is die Hebreeuse woord vir "as", en wat beteken dit?
6. Watter bykomende bestanddeel is by alle offers gevoeg, en hoekom?
7. Wat is spesiaal aan 'n vredesoffer (selamim)?
8. Wat is met die bloed van die geofferde diere gedoen?
9. Wat is gedoen met die "oorskiet" van die diere-offers?
10. Wat is die Hebreeuse woorde vir "rein" en "onrein"? Waarna verwys dit?

11. Wat is met die bloed van die “wydingsram” gedoen?

12. Wat is die twee Hebreeuse woorde vir “vet” in die Bybel? Wat is die verskil tussen hulle? Watter een is verbode om te eet, en watter een mag ons eet?

13. In Levitikus 7:26-27 sê Abba Vader dat ons geen bloed of vet mag eet nie. Wat beteken dit vir ons as die toekomstige bruid van Yeshua? Het dit iets te doen met ons verlossing, of gaan dit oor iets anders in ons roeping en heiligheid?

14. Het Yeshua nie die geskrewe voorskrifte van die wet kanselleer en ons vrygemaak van die wet nie? In Kolossense 2:13-14 staan immers dat Hy ons sondes vergewe het en die skuldbrief teen ons aan die kruis vasgenael het. Hoe werk dit dan saam met die gebooie en voorskrifte wat ons in die Bybel sien?